## Hoofstuk 58 - RAAD VIR WINGERD ARBEIDERS (10.08.1841) {JL.HIM1.413}

01] Luister! So lui dit in die raad van die ewige wysheid en liefde van jou Meester, jou God, jou Skepper, jou Verlosser en, eers daardeur, jou Vader, wat heilig, heilig, heilig is:

02] Sou jy daarvan hou om jouself op ’n suiwer manier te omgewe met persone van die teenoorgestelde geslag, let eers op die, aan jou verborge, diepte van jou hart! Dink daaraan, dat daar geen merkbare (uiterlike) verskil is tussen nuttige goeie en nuttelose giftig-bose saad nie.

03] Die ondeurvorste hart is soos onbemeste grond, waarin die onkruid wortel skiet, nog voor die koring. Laat jou dus nie verlei deur die pragtige sade nie, want jy weet nie watter vrugte daaruit sal voortkom nie!

04] Jy kan wel enigiemand in My Naam nader, maar jy sal My Ryk nêrens anders vind as by My alleen, deur geloof en liefde en volkome selfverloëning, en luister mooi, eers dan sal jy in jou hart, heeltemal losgemaak van die wêreld, trouvol kan sê:

05] "My Meester, hier is ek! Die wêreld het my tot walging geword. Maar U is nou vir my alles, alles, alles! ek wil nou niks meer hê as U alleen nie!"

06] Kyk, eers dan kan Ek kom! Waar jy van nut kan wees, handel in My Naam en let op die diepte en ware ingesteldheid van jou hart! Want daar lê nog allerlei sade daar rond. Maar Ek wil net seën dit wat jy in My Naam sal doen aan diegene wat Ek jou gegee het!

07] Wat betref die ene na wie jy vra; in haar armoede kyk sy met een oog op, of daar geen hulp vandaar moontlik is nie, maar met die ander een kyk sy af na die aarde, of daar nie êrens edelgesteentes vir haar is nie. Sy moet eerder beide oë, ore en bowenal, haar hart onverwyld tot My keer, dan sal sy die grootste skat vind en in alles gehelp word!

08] Maar jy, bewaar en reinig jou hart, sodat, as Ek eendag onverwags na jou toe kom, dit so georden sal wees dat Ek nie gedwing sal word om reg te trek of selfs om te keer nie! Dink daaraan: Net een ding is nodig! En wie vir hom hierdie een gekies het, het reeds die beste deel gekies!

09] Dit sê Ek, jou bestendige Verlosser en ewig-durende Wederbaarder! Amen, amen, amen.

## Hoofstuk 59 - NUWE LIG VAN DIE LIEFDE ('BRIEWE VAN J. LORBER') (26.08.1841) {JL.HIM1.414}

Brief vanuit Greifenburg aan Jakob Lorber se vriend, en latere biograaf, Karl Gottfried Ritter ’n verwant in Graz.

1] Geagte, mees geëerde vriend! Dit sou vir my onmoontlik wees om uit eie krag selfs 'n klein sonstraaltjie se grootte te weergee, van alles wat waardig met die pen gegee is en wat ek twee keer hier gesien, gehoor en gevoel het (d.w.s. fisies en geestelik) en nog sal sien, hoor en voel! Voorwaar, vir hierdie soort geleenthede behoort die mens regtig honderd oë, ore en harte te hê! Want hier word 'n mens, met die gewone sintuie, 'n formele geestelike vrek en vraat, want die groot, opvallende oorvloed van wonders laat mens bykans flou word, en jy moet jouself altyd versigtig afvra: Waarheen met hierdie oorweldigende oorvloed? Hoe sal ek hierdie onmeet-bare oes onder my armsalige dak inbring?

2] Waarlik, hier is te veel wat groot en goed is, veral vir die geestelike oog. Ek gaan oor al die hoë berge en wil nie aan al die natuurskoon raak nie, allermins nie die baie besienswaardige plekke en die soortgelyke nie; maar wat die natuur-geestelike aktiwiteite betref, sê ek vir jou, liewe vriend, so opvallend sigbaar, en met die eerste oogopslag begryplik, sou dit my nooit in 'n droom opgeval het nie! Waarlik, sou 'n blinde man nie spoedig sy gesigsvermoë terugkry nie, selfs met 'n bietjie geestelik-mediese bystand, sou ek self 'n godloënaar geword het. Want wie daar nie 'n lewende gelowige word nie, vir hom is alle doop en alle kerstening ernstig verdorwe! Ek het ervarings hier opgedoen waarvan ek voorheen geen idee gehad het nie. Vir my is ’n heel nuwe lig aangesteek. En in die strale van hierdie seldsame lig sien ek ‘n eindelose see van wonders op wonders, op 'n wyse waar die een die ander byna heeltemal verslaan!

3] Geliefde vriend! ek kan jou op die oomblik niks anders vertel nie, as dat ek, ten eerste, reeds velerlei ontvang het van my hoë Dikteerder, in my pen, en dat ek die allerbeste hoop het om nog baie meer buitengewoon seldsame dinge te ontvang. En ten tweedens durf ek die slotopmerking byvoeg, dat hierdie geestelike bundels van my, hetsy skriftelik of, by 'n geskikte geleentheid, mondelings, vir jou nie sonder geestelik nuttige belangstelling sal wees nie!

4] Want so het dit aanvanklik binne in my gelui: "Kyk, ‘n nuwe lig gee Rk vir julle! Dit is nie genoeg om deur die bas van dinge sowel as die hout en die murg te breek nie, maar (dit is nodig om daarop te wys) wat word van die bas, en van die hout en van die murg. Wie dit wil sien, laat hom sien, dat hy dit reg kan sien! En wie dit wil hoor, laat hom fyn luister, sodat hy alles kan hoor! En wie dit wil ondervind, laat hom sy hand op die bors lê, en elke polsslag tel, en bedink met watter emosies elkeen omhul was. Eers dan sal hy spoedig die ware grondslag vir homself en alle dinge kan sien. Verstaan dit goed!. Want kyk, dit is 'n nuwe lig van die liefde, wat jou sal wys, die ontluikende vrug in die murg, die murg in die hout en die hout in die bas. En net so, volgens jou werke, die ewige lewe in jou! Kyk, dit is ’n nuwe lig, en wat jy hier sal ontvang, dit sal jy word in hierdie nuwe lig. Amen. Verstaan goed! Amen."

5] Jy sien dus, liewe vriend, te oordeel aan hierdie bietjie, kan jy met reg so baie verwag wat jou beslis baie vreugde sal bring. Ek is nou net 'n versamelaar, maar ek hoop om so gou moontlik 'n deelgenoot te word! Maar intussen het ek egter net een wens vir jou, liewe vriend, en vir alle ander dierbare vriende, naamlik dat hierdie eenvoudige brief van my julle in die beste van gesondheid mag aantref!

6] Mag die Liefde en Genade van die Here Jesus Christus met julle wees, nou en vir altyd!